Sondag, 30 Augustus 2020
Koninkrykstyd
BYBELSONDAG

Die woord van God is lewend en kragtig...

*"Want die woord van God is **lewend** en **kragtig** en skerper as enige tweesnydende swaard. Dit **dring deur** tot by die raakpunt tussen siel en gees, tussen gewrig en murg, en **beoordeel** die hart se voornemens en gedagtes. Ja, niks wat geskape is, is vir Hom verborge nie, maar alles is **oop en bloot** voor sy oë. Dit is Hy teenoor wie ons ons moet verantwoord."*
(Hebreërs 4:12-13, in die Direkte Vertaling)

Vandag is Bybelsondag. En dan dink mens veral aan die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA), wat vanjaar sy 200ste bestaansjaar in Suid-Afrika vier! Die BSA het reeds twee Afrikaanse vertalings gelewer wat amptelik in die Afrikaanssprekende kerke gebruik word – die 1933/53 en 1983-Vertalings. En in Oktober vanjaar verskyn ook die "Direkte Vertaling"; met die oog daarop kom ons Skriflesing vanoggend uit dié nuwe Afrikaanse vertaling.

By 'n geleentheid soos vandag is dit gepas om oor die status van die Bybel te besin. Ten spyte van kritiese stemme wat kort-kort opklink, aanvaar die meeste ernstige Bybellesers in die Afrikaanse kerke steeds dat die Bybel die status van "woord van God" waardig is. Hiermee word nie die menslike aspekte van die Bybel ontken nie, maar word die klem geplaas op die "surplus"-betekenis van die Bybel, naamlik dat dit Goddelike gesag adem. Hierdie kenmerk van die Bybel kom in Hebreërs 4:12-13 aan die orde. Die vetgedrukte woorde hierbo beklemtoon dat die Bybel nie maar net swart lettertjies op wit papier is nie, maar die lewende woord van God aan ons bring. Dit is kragtig; dit beskik oor die vermoë om ons lewens radikaal te verander; dit tree as kritikus (beoordelaar) van ons diepste gedagtes op; en dit maak dat alles omtrent ons oop en bloot – ja weerloos – lê voor God se priemende blik. So gesien is Bybellees nogal gevaarlik, maar net as 'n mens volhard in jou eiesinnigheid. Eintlik wil Bybellees genees, sodat ons in God se rus kan ingaan...

Prof. Hermie van Zyl

Hartlik welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur prof. Hermie van Zyl en ons orrelis dr. Johan Cromhout. Prof. Hermie was dosent in Nuwe Testament en later ook dekaan van die Fakulteit Teologie hier aan die UV, en hy en Amanda is lidmate by Berg-en-Dal. Die erediens is vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na al die huise in ons gemeente en verder uitgestuur.
Dit is ook die eerste erediens wat vanoggend weer "lewendig" in die kerkgebou plaasvind en word dit daar deur die kerkraad bygewoon.

Eredienste volgende Sondae:

Sondag, 30 Augustus	18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé)
Sondag, 6 September	09:30 – ds. Jan Lubbe (Doop)
Sondag, 13 September	09:30 – ds. Johan Marais

Ons hervat vanaf volgende Sondag, 6 September 2020, ons eredienste binne in die kerkgebou. Aangesien daar steeds inperkingsregulasies vir kerklike byeenkomste geld, kan slegs 50 lidmate per keer 'n erediens in die kerkgebou bywoon. Volgende Sondag, is dit die beurt van lidmate uit **Wyke 3 tot 6**, dit is die blok rondom Willem Postma Laerskool (tussen Albrecht-, Paul Roux- en Morganstrate). Lidmate in daardie wyke, wat nie in die afgelope veertien dae positief getoets is vir Covid-19 of in aanraking met so-iemand was nie, wat nie tipiese griepsimptome beleef of buitengewone moegheid of naarheid nie en wat nie ly aan ko-morbiditeite soos diabetes, bloeddruk of asma nie, mag die erediens bywoon. Indien u ouderdomsgewys in 'n kwesbare groep val (bó 60), moet u u bywoning versigtig oorweeg en eie verantwoordelikheid vir u veiligheid en gesondheid neem. Lidmate wat die erediens wil bywoon, moet vóór Donderdag, 3 September om 12:00 u naam en van sms of whatsapp na 073 180 3193 om u sitplek te "bespreek". 'n Covid 19-gesondheidsvorm sal dan aan u gestuur word om te voltooi en saam te bring na die erediens; onthou ook u masker en eie Bybel en Liedboek. Tydens die erediens en op die kerkterrein geld die voorsorgmaatreëls vir fisiese afstand tussen kerkgangers (1½ meter), handewas en die dra van 'n gesigsmasker.

LITURGIE

Verwelkoming (en iets oor Bybelsondag)

Votum en seëngroet

Loflied: "Woord van God, Woord van die lewe" (Lied 255:1)

Gebed en gebedslied: "O Heer, maak oop my hart se poort" (Lied 257:1, 2)

Skriflesing: **Hebreërs 4:1-13** (uit die Direkte Vertaling)

Woordverkondiging

Gebed

Slotlied: "Here, Redder, groot en magtig" (Lied 280:1 en 3)

Seën

Orrelnaspel

Met dank aan dr Johan Cromhout, Danie Joubert, RW Adendorff, Marieta de Wet (blomme), Adri v/d Berg en Rita van Zyl vir die versorging en uitstuur van hierdie erediensopname.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES:
U kan ‘n eredienskollekte na Berg-en-Dal oorbetaal deur ‘n elektroniese betaling via die internet te doen of per snapscan soos aan die einde van *Fokus*. Dit hou ons eredienste en ander werksaamhede in stand; help met noodleniging in hierdie tyd; en betaal ons ook elke Sondag ‘n bedrag van R 1 000 oor aan die betrokke instansie soos op ons program vir deurkollektes aangedui sodat hulle werk kan voortgaan. Vandag, 30 Augustus, is die deurkollekte vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Dankie vir jou bydrae en voorbidding vir al hierdie werk.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

30 Aug	Nina Bloem.
31 Aug	Jan Vorster.
01 Sep	Neels de Leeuw, Anita Swart, Hannes Vorster, Maudéne de Jager, Melissa Louw en Charné Weyers.
02 Sep	Charl Marais, Annelien Diedericks, Paula Berry, Conna Lups, André Botha en Bennie Roets.
03 Sep	Ian Coetzee.
04 Sep	Jan Lubbe, Eddie Schutte, Michael van Wyk, Letitia Coetzee, Anke en Lizri Weyers.
05 Sep	Marilize van Zyl, Elmarie Viljoen, Hanlie Matthee en Cor van Vuuren.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis: Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a); Tannie René v/d Walt (Siësta 39B, wyk 10); Tannie Mietzie Bezuidenhout (Poulteneystr. 12, wyk 6a); Oom Hans Koorts (Serenitas 11, wyk 15a) en Beatrice Carshagen (wyk 12). Dit gaan beter met Tannie Ina Snyman (Noorderbloem) en sy sê dankie vir almal wat in hul gebede aan haar gedink het. Ockie Fourie het herstel van Covid-19 en is tuis; ons bid ook vir hom en Sonia sterkte toe. Ons dink steeds aan lidmate wat met die beproewinge van Covid-19 moet leef, hetsy gesondheidsgewys of in jul familiekring of werkplek of finansieël of in jou gemoedstoestand; in besonder ook vir alle dokters en verpleegpersoneel in ons stad – mag julle daagliks krag ontvang.

As gemeente en gemeenskap leef ons ook mee met Siësta Tehuis vir Bejaardes en alle inwoners en personeel; ons bid vir ‘n goeie uitkoms en die veilige versorging van almal daar betrokke. Ons dink aan bejaardes in ander tehuise in dié tyd van afsondering.

Die afgelope week is Bettie Malan ná ‘n kort siekbed oorlede; vir jare was sy ‘n stille staatmaker in Berg-en-Dal, en betuig ons ons innige meegevoel met Dawie en met Herman en Janet Kleynhans, Dawie Jnr en Annelize (Albrechtstr. 118A, wyk 7a): mag jul ‘n diepe troos ontvang...

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES
Die Mannegebedsgroep tree steeds vir ons gemeente, land en mense in – kontak ds. Johan indien jy ook die gebedsversoeke per whatsapp wil ontvang.
‘n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep lees tans die **Profeet Jona** – almal welkom. ‘n Werksbladsy en kort inleiding word op whatsapp aangestuur vir jou stiltetyd. As jy hierby wil inskakel, stuur ‘n boodskap na ds. Jan by 082 784 9362.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:
Wyke 1-10 – ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20 – ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:
Wyke 7 (Blok tussen kerkgebou, Preller- en Emily Hobhouse-pleine) **en 8** (Blok noord van Emily Hobhouse-plein) is Septembermaand verantwoordelik vir ons gasvryheid, sorg en omgee. Baie dankie aan Wyke 5 en 6 wat in Augustus diens gedoen het en veral vir die pragtige blommerangskikkings in die kerkgebou. Indien u betrokke wil raak, kontak vir Rita van Zyl, ons kantoorbestuurder – dankie.

Kerkkantoor: Heropen op Maandag, 7 September – meer inligting volg.

Kerkraadsvergadering, 30 Augustus 2020:
Daar vind vanoggend 'n kort kerkraadsvergadering na die erediens plaas, en ons sal inligting oor al die besluite en werksaamhede aan u as gemeente kommunikeer.

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
200 Jaar Bybelgenootskap:
Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika herdenk vanjaar hul 200ste bestaansjaar en as gemeente doen ons daaraan mee met vanoggend se erediens, en 'n spesiale insameling vir die Bybelgenootskap. Ongelukkig kon ons nie alle reëlings vir die muntlegging betyds in plek kry nie – dit sal met Hervormingsondag in Oktober plaasvind.

JEUGBEDIENING
Kategese:
Ons kategese hervat volgende Sondag, 6 September. Die Belydenisgroep van ds. Johan Marais kom om 10:30 in die kerksaal byeen, en die Gr. 10-groep van ds. Jan in die konsistorie. Vir die ander groepe (Juniors en Seniors) sal die reëlings en tye hierdie week in die whatsappgroepe en na ouers deurgegee word.

GETUIENISBEDIENING (met brood en Woord)
Siësta Tehuis vir Bejaardes: Indien u 'n bydrae wil maak ter verligting van nood by Siësta, kontak Hannah Geyser (084-767-2817) of ds. Jan (082-784-9362).
Gladstoneweg Jeugsorgsentrum: Behoeftes aan klere, kruideniers en huiswerkhulp bestaan by die kinders – indien u kan help, kontak Helene Engelbrecht 082-777-3575.
Tweeliters vir Tweetoringkerk: Indien u leë 2-liter plastiekbottels het (bv. koeldrank- of melkhouers) – Tweetoringkerk gebruik dit by hul sopkombuis; bring dit na Berg-en-Dal en sit dit deur die heining by die binnehof; ons sal dit gaan aflewer.

SnapScan

NG Kerk Berg-en-Dal
ABSA
Tjekrekening 470-580-011

Op berge en in dale,
oral voor Gods aangesig.